# UITSLAG VAN C.J. LANGENHOVENKOMPETISIE

Die vier gelukkige wenners van hierdie kompetisie is twee Transvalertjies en twee Kapenaartjies nl:
Carla de Beer, St. 5 van die Laerskool Anton van Wouw in Pretoria.
Anita du Toit, St. 5 van die Laerskool Emfulenipark in Vereeniging.
André van der Merwe, St. 2 van die Laerskool Wesbank op Oudshoorn.
Riaan Swart, St. 4 van die Laerskool Wesbank op Oudshoorn.
Baie geluk aan hierdie vier leerlinge wat wegstap met die hele prysgeld!

Die beoordelaar het 241 **antwoorde** ontvang uit die Transvaal en die Kaapprovinsie.

Soos in die vorige uitgawe aangedui word die pryse van die provinsies wat nie gereageer het nie, dus onder dié twee provinsies verdeel.

Die pryse is geskenk deur die redaksie van GISTER EN VANDAG en die direksie van die Langenhovengedenkfonds.

Elke wenner sal dus eersdaags 'n tjekkie van R25 elk ontvang!

Ons het briefies van twee van ons wenners ontvang. Hul skryf onder andere:

Geagte prof. Olivier

Baie dankie vir u brief waarin u my meegedeel het dat ek een van die pryswenners in die Langenhoven kompetisie is. Dit was vir my 'n aangename verras-

sing! Ek het u brief eers die 12de Augustus ontvang en ek sal probeer om binnekort die foto te stuur. Ek hoop dit sal betyds wees. Ek hoop ek sal 'n kopie van "Gister en Vandag" by my naaste boekhandelaar kry.

Dankie vir al u moeite tot dusver.

Groete

Anita du Toit

Beste prof. Olivier

Baie dankie dat ek aan die Langenhoven-kompetisie kon deelneem. Dit was baie lekker!

Ek stuur ook my foto saam. Ongelukkig kon ek nie 'n swart en wit foto kry nie, toe besluit ek maar op hiérdie een.

Nogmaals dankie

Groete

Carla de Beer

NS: Ek het besluit om vir my een van **Langenhoven se boeke te koop** met die geld wat ek gewen het.

Baie dankie aan ons borge, en die honderde leerlinge wat deelgeneem het.


Johan Olivier

NS: Omie Redakteur gaan seker aan elke wenner ook 'n kopie van **GISTER EN VANDAG** stuur!?



Carla de Beer
Laerskool Anton van Wouw (Pretoria)

## DIE TWEE WENNERS SO REG UIT LANGENHOVEN SE KONTREI!



Links: André van der Merwe
Regs: Riaan Swart
Beide van die Laerskool Wesbank op Oudtshoorn